**Die Here Jesus vervul die Dawidverbond (1) (OP196)**

**Joh 18:33-37**

**3 November 2024**

Twee weke gelede het ons stilgestaan by die Here wat die verbond met Dawid gesluit het. Die Here het onderneem om vir Dawid 'n ewige koningshuis te bou, trouens die Here het beloof om nooit sy troue liefde van Dawid se koningshuis te onttrek nie, selfs nie al is Dawid se nakomelinge ongehoorsaam aan die Here nie. Laasweek het ons gekyk hoe hierdie verbond in die Ou Testament ontwikkel het. Toe verskeie van Dawid se nakomelinge inderdaad ongehoorsaam was, het die Here profete gestuur om die konings en die volk te waarsku. Maar hulle het volhard in ongehoorsaamheid – en daarom is hulle in ballingskap weggevoer. Alhoewel dit gelyk het asof dit die Dawidverbond bedreig, het die Here voor, tydens en na die ballingskap dit duidelik gemaak daar sal steeds in die toekoms 'n Nakomeling van Dawid kom, en Hy sal vir ewig heers, nie net in Dawid se koninkryk nie, maar in die Here se koninkryk, en hierdie koninkryk sal 'n koninkryk van vrede wees wat wêreldwyd strek.

Natuurlik verstaan ons dat hierdie komende Nakomeling die Here Jesus is, wat aan die begin van die Nuwe Testamentiese geskiedenis gekom het. Ek wil graag gedurende die volgende twee weke kyk na hoe Jesus die vervulling is van die Dawidverbond. Vandag wil ek aandag gee verskeie gebeurtenisse wat tydens Jesus se aardse lewe gebeur het wat vir ons bevestig dat Hy die vervulling is van hierdie verbond. Volgende week, wil ek aandag gee aan wat Jesus self geleer het oor hierdie koninkryk van God waarvan Hy die koning is. Ek vertrou dat dit ons opnuut bewus sal maak van hoe 'n belangrike rol die Dawidverbond in die Here se openbaringsgeskiedenis speel.

Jesus se koms na die wêreld word in al vier die evangelies beskryf. Maar dit is die Matteus-evangelie wat veral aan die Griekssprekende Jode geskryf was, en wat in besonder klem lê op die koninkryk van die hemel. Daarom gaan ek grotendeels van hierdie evangelie gebruik maak in ons huidige studie, maar ons sal ook hier en daar na van die ander evangelies verwys. Die gebeure in Jesus se lewe waaraan ek vandag aandag wil gee, is die volgende: (1) Die geboorte van Jesus, (2) Die begin van Jesus se openbare optrede, (3) Enkele wonderwerke van Jesus, (4) Jesus se verheerliking op die berg, (5) Jesus se kruisiging en (6) Jesus se hemelvaart.

<u>Die geboorte van Jesus</u>

Die Matteus-evangelie begin in Mat 1:1 met die woorde: "Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die Seun van Abraham". Direk, met die intrapslag, maak Matteus die konneksie tussen Dawid en die Here Jesus – die Here Jesus is 'n nakomeling van Dawid. Direk moet ons die konneksie maak met die inhoud van die Dawidverbond – hier is die geslagsregister van Jesus, en die lyn loop van Abraham af oor Dawid na Jesus. In Mat 1:17 maak die skrywer die stelling daar was 14 geslagte vanaf Abraham tot Dawid, 14 geslagte vanaf Dawid tot die Babeloniese ballingskap, en 14 geslagte vanaf die ballingskap tot by Jesus Christus. Ons het al in die verlede hierna gekyk – ek gaan nie weer al die detail herhaal nie. Maar die punt van die skrywer is dat daar verskeie hoogtepunte was in die Ou Testamentiese geskiedenis wat as voorlopers aanleiding gegee het tot die koms van die Here Jesus – besondere hoogtepunte was: Abraham – met wie die Here 'n verbond gesluit het, Dawid – met wie die Here ook 'n verbond gesluit het, en die ballingskap. Ons het laasweek alreeds gesien hoe 'n belangrike rol die ballingskap gespeel het om die regte perspektief op die Dawidverbond te ontwikkel, maar die ballingskap speel ook 'n groot rol rakende die koms van die nuwe verbond, wat ek hoop om te bestudeer na die afhandeling van die Dawidverbond. Die punt is: Matteus, onder leiding van die Heilige Gees, is oortuig dit is belangrik om te verstaan die Here Jesus

is uit die nageslag van Abraham, Hy is dié Nakomeling van Dawid, en ons sal ook nog besin oor Sy rol in die Nuwe Verbond.

Lees Mat 1:20-21. Hier verskyn ‘n engel van die Here aan Josef, nadat dit geblyk het dat Maria swanger was, en die boodskap van die engel is dat Josef nie van Maria moet skei nie. Josef moet verstaan Maria is swanger omdat ‘n Seun in haar verwek is deur die Heilige Gees. Maar let op hoe Josef aangespreek word: Josef, Seun van Dawid. Josef word herinner hy is ‘n nakomeling van Dawid – Josef moes verstaan wat hier besig is om te gebeur, is nie net bonatuurlik nie, nee dit is ook ‘n uitvloeisel van die Here se beloftes aan Dawid.

In Mat 2 lees ons van die sterrekykers wat uit die ooste gekom het om aan die Here Jesus eer te bewys pas na Sy geboorte. Toe hulle gevra het waar Hy gebore is, was die antwoord: In Betlehem. Lees Mat 2:6. Die skrifgeleerdes het hierdie profesie uit Miga 5:1 gebruik om te besluit dit moet in Betlehem wees. Maar let op hoe die Here Jesus beskryf word: ‘n Leier wat die volk Israel as Herder sal lei. Dit is presies wat ons gelees het van Dawid in 2 Sam 5:2 toe hy leier geword het oor die hele volk – hy sal hulle leier en herder wees. Dit is ook wat Esegiël tydens die ballingskap gesê het – Dawid sal koning en herder wees (Eseg 37:24). Dit is onmiskenbaar duidelik dat Matteus wou hê sy lesers moet verstaan die Here Jesus kom as nakomeling van Dawid, Hy kom as Koning, en Hy kom ook as Herder.

<u>Die begin van Jesus se optrede</u>

Een van die eerste gebeure waarvan ons lees toe Jesus met Sy openbare optrede begin het, was die versoeking deur die duiwel waarvan ons in Mat 4:1-11 lees. Vers 1 sê spesifiek dat Jesus deur die Heilige Gees die woestyn ingelei is om deur die duiwel versoek te word – ons moet dit raaksien – die Heilige Gees is in beheer, nie die duiwel nie. Na 40 dae en nagte sonder kos, versoek die duiwel vir Jesus deur aan Hom voor te stel Hy moet brood maak uit die klippe. Hy versoek Hom verder deur voor te stel die engele sal Hom op ‘n besondere manier versorg, en ook deur aan Hom die koninkryke van die wêreld aan te bied. Maar Jesus weerstaan dit alles deur telkens uit te lig wat die wil van die Here is. Wat ons moet raaksien is die volgende: In Gen 2 was Adam en Eva in die paradys met volop bome om van te eet. Dit was toe dat hulle deur die duiwel versoek is – hulle het geswig voor die versoeking. Hier in Mat 4 was Jesus vir 40 dae in die woestyn sonder kos toe Hy deur die duiwel versoek is – maar Hy het die versoekings weerstaan. Dit is kardinaal belangrik! Want in Gen 3 het die Here beloof Een uit die nageslag van die vrou sal kom om die kop van die duiwel te vermorsel. Uit die verbond met Dawid het ons geleer dit sal die komende Nakomeling uit Dawid se nageslag wees wat dit sal bereik. Natuurlik sou die duiwel Hom wou teenstaan – immers is sy kop op die spel. Maar anders as Adam en Eva in die paradys, weerstaan Jesus die duiwel – Hy is op koers om sy kop te vermorsel.

Kort hierna het Jesus begin met sy openbare optrede. Kyk hoe beskryf Matteus die feit dat Jesus Nasaret verlaat het en in Kapernaum gaan woord het in Mat 4:16-17 – die volk het ‘n lig gesien! Dit is natuurlik Jesaja se profesie in Jes 9:1 waarna ons laasweek gekyk het. En let op hoe begin Jesus Sy openbare optrede in vers 17: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel is op hande” – soos ons laasweek gesien het, is Dawid se koninkryk die Here se koninkryk, en dit is ook die koninkryk van die hemele. En Matteus en die Heilige Gees is – daardie koninkryk is nou op hande, dit is op die punt om te realiseer.

<u>Enkele wonderwerke van Jesus</u>

Die Here Jesus het verskeie wonderwerke gedoen tydens Sy openbare optrede. Natuurlik het Hy daardeur getoon dat Hy werklik in beheer is, en selfs op bonatuurlike maniere kan optree. Ek wil

egter nou spesifiek fokus op van die wonderwerke waar Jesus demone uitgedryf het – daar is verskeie sulke insidente. Ek beperk die bespreking tot een so 'n insident, en wil spesifiek fokus op die insident in Mat 12:22-30. Lees dit. Die mense het 'n blinde, stom, demoon-besete man na Jesus gebring – en Hy het hom gesond gemaak. Al die mense was uit die veld geslaan, en let op wat die mense vra: "Is hierdie man nie dalk die Seun van Dawid nie?" Die feit dat die mense dit vra, is insiggewend: Nie net het hulle steeds die verwagting gehad van die koms van die Nakomeling van Dawid nie, maar hulle het ook verwag dat wanneer daardie Nakomeling kom, sal hy demone kan uitdryf. Selfs die Fariseërs kon nie ontken dat Jesus demone kon uitdryf nie – so duidelik was dit. Hulle redenasie was egter pateties – hulle slotsom was dat Jesus dit deur Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels, gedoen het. Maar Jesus lig hulle gebrekkige interpretasie uit: Dit sou beteken Satan dryf Satan uit, die duiwel dryf die duiwel uit, dit sou beteken die koninkryk van die duiwel is verdeeld, dit sou beteken sy koninkryk sal tot niet gaan! In vers 28 sê die Here Jesus hoe Hy dit wel doen: Hy doen dit deur die Gees van God. Onthou wat ons laasweek in Jes 11:2 gelees het: die Gees van die Here sal op die Takkie uit die stomp van Isai rus. Jesus is die Takkie, en dit is deur die Heilige Gees dat Hy demone uitdryf. En let op wat Jesus byvoeg: dit beteken die koninkryk van God het die mensdom bereik (v28) – onthou hoe ons laasweek gesien het dat die Kroniekskrywer juis uitgelig het Dawid se koninkryk is ook die Here se koninkryk (1 Kron 17:14). Sien jy die opbou raak in Matteus? Nie net is Jesus by magte om die duiwel se versoekinge te weerstaan nie, Hy kan ook selfs duiwels uitdryf – by implikasie is die Here Jesus werklik 'n groot bedreiging en irritasie vir die koninkryk van die duiwel. Dit lyk alles belowend vir die aanspreek van vraagstuk 3 – die vermorseling van die duiwel se kop.

<u>Jesus se verheerliking op die berg</u>

Lees Mat 16:21-23. In hierdie verse maak Jesus dit aan sy dissipels duidelik dat Hy moet ly, Hy gaan doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word. Petrus, vol bravade, neem Jesus opsy, en sê: "Mag God dit verhoed, dit sal beslis nie met U gebeur nie!" Maar Jesus berispe Petrus – Hy noem Petrus "Satan", want Petrus dink nie soos die Here nie. Lees verse 24-26. Jesus verduidelik vir Sy dissipels die lewe is 'n stryd – in hierdie stryd sal hulle hulleself moet verloën. Hulle sal Hom moet volg, as hulle in hierdie stryd wil oorwin. As hulle Hom teenstaan, soos Petrus sopas gedoen het, veg hulle in hierdie stryd teen Jesus, dit beteken hulle veg vir die Satan. Dis stryd is dus tussen Jesus en die Satan. Maar die dissipels moet saam met Jesus veg – dan sal hulle ook oorwin, saam met Hom. Dit mag egter beteken dat hulle hulle lewens, d.w.s. hulle fisiese lewens, in die proses mag verloor – maar tog sal hulle lewe. Hoe gaan dit gebeur? Lees vers 27. Dit gaan gebeur wanneer die Seun van die Mens, dit is Jesus, saam met die engele gaan kom, beklee met die heerlikheid van die Vader – en dan sal die Here Jesus elkeen vergeld volgens wat Hy gedoen het. Natuurlik verwys die Here Jesus hier na Sy wederkoms, wanneer Hy gaan kom om te oordeel. Die dissipels moet dus verstaan hulle is in 'n stryd saam met Jesus teen die duiwel. Maar as hulle Hom volg, mag dit beteken dat hulle hulle fisiese lewens sal verloor, maar, wanneer Jesus weer kom, sal Hy oordeel, en dan sal hulle die werklike lewe, die ewige lewe, ontvang. Onthou hoe ons ook al in die Ou Testament gesien het dat die Nakomeling van Dawid gaan kom om te oordeel – dink aan Jes 11:4 waar ons geleer het Hy sal regverdig beslis oor die armes en met die asem van Sy lippe die goddelose doodmaak. Hier sien ons dat Jesus met Sy wederkoms sal kom as Regter.

Maar, kom ons wees eerlik, dit alles moes vir die dissipels ietwat van 'n ontnugtering gewees het: hulle kan stryd verwag, hulle kan hulle lewens verloor, selfs Jesus gaan Sy lewe verloor! Mens kan dink dat hulle bang moes word. Hierdie koninkryk is definitief iets anders as wat hulle verwag het.

Maar dan bemoedig Jesus hulle – lees vers 28. Jesus verseker hulle met "Amen" – sommige van hulle sal nie sterf voor hulle die Seun van die Mens in Sy koningsheerskappy sien kom het nie. Wat kan dit beteken? Kom ons lees verder.

Lees Mat 17:1-7. Ses dae later neem Jesus sommiges van hulle – naamlik Petrus, Jakobus en Johannes. En Hy lei hulle teen 'n hoë berg uit. En daar verander Hy van gedaante – Sy gesig het gestraal soos die son, sy klere het skitterend wit geword soos die lig – onthou Jes 9:1 – die volk het 'n lig gesien! En Elia en Moses verskyn ook en is in gesprek met Jesus – Elia en Moses verteenwoordig die wet en die profete uit die Ou Testament. Duidelik is wat hier gebeur in lyn met wat in die wet en die profete alreeds aangekondig is. En dan kom daar 'n wolk – en 'n stem uit die hemel sê: "Dit is My geliefde Seun, oor wie Ek My verheug. Luister na Hom." Wie se stem was dit? Natuurlik die Here s'n. Onthou jy Ps 2? Daardie psalm wat vertel van die konings van die aarde wat in opstand was teen die Here en Sy Gesalfde. Maar die Here het vir hulle gelag – want die Here het Sy Gesalfde aangestel wat hulle gaan stukkend slaan en hulle gaan verpletter. En wie is hierdie Gesalfde? Ps 2:7 sê dit is die Een vir wie die Here sê: "Jy is My Seun". En dit is wat hier op die berg van verheerliking plaasvind: die Here sê vir die drie dissipels: "Dit is My geliefde Seun" – dit is deur Hom wat ek die konings van die aarde gaan verpletter, by implikasie dat selfs die duiwel verpletter gaan word. En, onthou Ps 2:12 sê: "Gelukkig is almal wat by Hom skuil". Natuurlik het die dissipels in vrees op hulle gesigte neergeval. Maar ons lees Jesus het hulle aangeraak en gesê: "Staan op en moenie langer bang wees nie."

Begryp jy wat Petrus, Jakobus en Johannes daardie dag gesien het? Hulle het gesien wat die Here Jesus in Mat 16:28 beloof het: Hulle het die Seun van die Mens, dit is die Nakomeling van Dawid, in Sy koningsheerskappy gesien. Hulle het Hom in Sy heerlikheid gesien. Hulle het die ware Nakomeling van Dawid gesien as die Een wat sou kom as Ewige Koning! Hulle het die Gesalfde van die Here waarna Ps 2 verwys, gesien in Sy heerlikheid. Hoe bemoedigend moes dit nie vir hulle gewees het nie na hulle teleurstelling toe hulle gehoor het Jesus gaan sterf, en hulle moontlik ook. Ja, verseker is hierdie koninkryk 'n ander tipe koninkryk as net nog 'n aardse koninkryk. Dit is die Here se koninkryk.

<u>Jesus se kruisiging</u>

Kom ons beweeg aan na die laaste week voor Jesus se kruisiging. Dit begin met Jesus se aankoms in Jerusalem. Lees Mat 21:1-9. Toe Jesus Jerusalem genader het, stuur Hy twee dissipels om vir hom 'n donkie te gaan haal. En toe ry Hy Jerusalem binne op die donkie – soos wat Sag 9:9 al vir ons gesê het sal gebeur wanneer die Koning kom. Dit is verstommend om raak te sien dat die mense die konneksie gemaak het – hulle het hulle klere op die pad oopgesprei, takke van die bome afgekap en op die pad gesprei, en uitgeroep: "Hosanna vir die Seun van Dawid!" Sien jy dit? Hulle het iets verstaan van: Hier kom die Koning uit die geslag van Dawid, hier kom die Verlosser, hier kom die Een wat die stryd gaan voer teen die duiwel!

Die volgende dag het Jesus die tempel in Jerusalem gereinig deur die tafels van die geldwisselaars en die duiweverkopers om te gooi. Boonop het Hy blindes en lammes daar op die tempelterrein gesond gemaak. Lees vers 15-16. Selfs die kinders op die tempelterrein het uitgeroep: "Hosanna vir die Seun van Dawid!" – selfs die kinders het iets begryp van die grootsheid van wat hier besig was om te gebeur. Skokkend was egter die feit dat die leierpriesters en die skrifkenners egter niks hiervan begryp het nie.

Later daardie week is Jesus gevange geneem. Hy is eers deur die Sanhedrin verhoor, en toe na Pilatus geneem. Lees Joh 18:29-32. Die rede waarom die Jode Jesus na Pilatus geneem het, was omrede hulle nie die bevoegdheid gehad het om iemand ter dood te veroordeel nie – net die Romeinse owerheid kon dit goedkeur, en hulle wou hê Jesus moes ter dood veroordeel word. Lees

Joh 18:33-34. Pilatus wou van Jesus weet of Hy die koning van die Jode is. Dit was sekerlik die Joodse leiers wat dit aan Pilatus gesê het, hopende dat dit Pilatus teen Jesus sal laat draai – immers is die keiser in beheer, nie 'n Joodse koning nie. Jesus se antwoord is of Pilatus dit uit sy eie gesê het, en of hy inderdaad maar net reageer op wat ander mense aan hom gesê het. Lees Joh 18:35-36. Pilatus se antwoord is dat hy nie 'n Jood is nie, hy kla nie vir Jesus aan nie, maar wel die Joodse volk en leiers. Pilatus wil van Jesus weet wat Hy dan gedoen het dat die Jode so teen Hom gekant is. Jesus se antwoord is dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie – soos wat ons nou al uit verskeie voorafgaande gebeure gesien het. Jesus onderstreep dit deur uit te wys dat as Sy koninkryk maar net nog 'n koninkryk was, dan sou Sy dienaars geveg het teen die Jode wat Jesus nou uitgelewer het. Die feit dat hulle dit nie doen nie, bewys dat Sy koninkryk uniek is, anders is as enige ander koninkryk. Dit is 'n wêreldvreemde koninkryk. Lees Joh 18:37. Hierop reageer Pilatus deur te vra: "Is u dan tog 'n koning" – Pilatus redeneer Jesus het sopas eintlik erken dat Hy 'n Koning is – al is dit dan 'n ander tipe Koning as wat tipies die geval is. Jesus stem saam: "U sê dit". En dan maak Jesus 'n baie belangrike stelling: Hy is gebore, Hy het na hierdie wêreld gekom juis hiervoor – om oor die waarheid te getuig – en die waarheid sluit in dat Hy Koning is. En diegene wat hierdie waarheid aanvaar, is diegene wat na Sy stem luister, dit is natuurlik Sy volgelinge. Lees Joh 18:38. Pilatus het uitgegaan na die Jode toe en gesê hy vind geen skuld in Jesus nie.

Sien jy dit? Die beskuldiging teen Jesus is dat Hy gesê het dat Hy die Koning van die Jode is (sien Luk 23:2). Jesus het erken dat Hy die Koning van die Jode is – dit is juis hoekom Hy gekom het – maar nie as 'n tipiese wêreldse koning nie – nee, 'n Koning oor die Jode soos belowe aan Dawid, wat nie 'n Joodse koninkryk kom vestig nie, maar 'n wêreldwye koninkryk, wat ook 'n wêreldvreemde koninkryk is, wat bestaan uit almal wat Hom volg, wat ook God se koninkryk is. Die Joodse leiers moes dit verstaan het – immers het selfs die kinders iets hiervan begryp, immers het hulle destyds genoeg insig gehad om vir die sterrekykers te kon aan dui die koning sou in Betlehem gebore word. Pilatus het geoordeel dit is nie grond om Jesus ter dood te veroordeel nie – immers het Pilatus geweet Jesus is nie werklik 'n tipiese koning van die Jode nie. Die enigste sogenaamde koning van die Jode destyds was Herodes – en selfs hy was ondergeskik aan die Romeinse keiser. Pilatus het geoordeel Jesus is nie 'n bedreiging vir die keiser nie, en die Jode moes om een of ander rede afgunstig gewees het op Jesus. Maar die Jode het volhard.

Nadat die Jode Barabbas gekies het bo Jesus, het Pilatus Jesus oorgelewer om gegesel te word. Lees Joh 19:2-3. Die soldate het 'n doringkroon gevleg, en dit op Jesus se kop gesit. Hulle het vir Hom 'n purperrooi mantel omgehang. Hulle het vir Hom 'n riet is Sy regterhand gesit. Hulle het voor Hom gekniel en gesê: "Gegroet, Koning van die Jode!" En hulle het Hom herhaaldelik geslaan. Alhoewel Jesus die lang verwagte Koning was, is Hy deur die Romeinse soldate as koning gespot.

Weer het Pilatus Jesus probeer spaar, maar die Jode wou niks weet nie. Lees Joh 19:12, 15-16. Die Jode was onwrikbaar – hulle het nie 'n koning nie – skielik was hulle baie onderdanig aan die keiser. Pilatus het Jesus toe oorgelewer om gekruisig te word. Lees Joh 19:19-22. Pilatus het 'n kennisgewing geskryf waarop gestaan het: "Jesus, die Nasarener, die koning van die Jode". Hierdie kennisgewing is aan die kruis vasgespyker – dit was in Hebreeus, Latyn en Grieks – almal moes dit kan lees. Die Jode het beswaar gemaak teen die bewoording – hulle wou dit verander na: Hy het gesê Hy is die koning van die Jode – maar Pilatus het geweier – wat hy geskryf het, het hy geskryf. Terwyl Jesus aan die kruis gehang het, is daar steeds met Hom gespot: "As jy die Koning van die Jode is, red jouself!" (Luk 23:37).

Kan ek opsom: Jesus ry Jerusalem binne op 'n donkie – die mense erken Hom as die Seun van Dawid, d.w.s. die Koning. Die kinders in die tempel het dit selfs uitgeroep. Maar dít was juis die aanklag van die Jode teen Hom – dat Hy die Koning van die Jode is. Jesus het self erken Hy is die Koning van die

Jode – maar dan nie ‘n wêreldse Joodse koning nie – soos wat al duidelik was in die Ou Testamentiese profesieë, soos wat Hy al aan Sy dissipels verduidelik het, soos wat Hy aan Pilatus verduidelik het. Selfs Pilatus het iets hiervan verstaan – maar nie die Jode nie. Die soldate het Hom gespot as die Koning van die Jode. Toe Hy gekruisig is, kon die hele wêreld op die kennisgewing die waarheid lees: Hy is inderdaad die Koning van die Jode.

Lees Joh 19:28-30. Die ironie is, dit was toe Hy alleen daar aan die kruis gehang het, terwyl die Jode gedink het hulle is vir altyd van Hom ontslae, terwyl die wêreld Hom gespot het as die Koning van die Jode, dit was toe dat daar 3 ure duisternis oor die aarde gekom het, dit was toe dat Hy die grootste stryd gestry het, dit was toe dat Hy die grootste oorwinning behaal het, dit was toe dat Hy as die Een uit die nageslag van die vrou, as die Nakomeling van Dawid, die kop van die slang vermorsel het – soos wat Dawid alleen teen Goliat geveg het, en sy kop afgekap het. Daarna, omdat Hy geweet het dat alles volbring is, het Hy uitgeroep "Dit is volbring!", Hy het Sy kop vooroor gebuig en Sy gees oorgegee. Lees Mat 27:51-54. Toe Hy, die Koning, sterf, skeur die voorhangsel in die tempel, die aarde skud, die grafte gaan oop en baie ontslape heiliges staan op – die begin van nuwe lewe. Selfs die Romeinse soldaat moes erken: "Hy was werklik Seun van God".

Natuurlik het Jesus nie net as Koning gesterf aan die kruis nie – nee, Hy het ook as Hoëpriester gesterf en sodoende Homself as volmaakte offer geoffer. En so het Hy reg en geregtigheid bewerk om daardeur die koninkryk van Dawid te vestig (soos wat Jes 9:6 al gesê het), so het Hy ons geregtigheid geword (soos wat Jer 23:6 al gesê het), so het Hy ons gereinig van al ons sondes (soos wat Eseg 37:23 al gesê het).

<u>Jesus se hemelvaart</u>

Ons weet Jesus het op die derde dag opgestaan uit die dood. Lees Hand 1:1-3. Jesus het 40 dae later opgevaar na die hemel. Maar let op waarmee Jesus besig was gedurende die 40 dae: Hy het aan die apostels verskyn en met hulle oor die sake van die koninkryk gepraat. Ja, Hy is die Koning, ja, Hy het die beslissende veldslag gewen, ja, die duiwel is oorwin en gebind – maar die finale slag is nog nie toegedien nie. En daar is werk vir die apostels om te doen in die koninkryk – en daarom spandeer die Here Jesus hierdie 40 dae om met hulle oor die koninkryk te praat.

Na die 40 dae is Jesus en die elf dissipels na Galilea, na die berg waarheen Jesus aangedui het hulle moet gaan. Lees Mat 28:18-20. Jesus verklaar hier aan hulle: Aan Hom is alle mag in die hemel en die aarde gegee. Hoekom? Want Hy is die Koning, die Opperkoning, wat reeds Sy vyand, die duiwel, beslissend oorwin het. Hy het alle mag. En toe stuur Hy Sy dissipels uit – hulle moet gaan dissipels maak uit al die nasies. Ja, met Sy sterwe en opstanding het Hy die koninkryk van God gevestig, Hy is die Koning in die koninkryk. Maar nou moet die koninkryk groei deurdat burgers in die koninkryk inkom. En hulle moet kom uit al die nasies – soos wat die Here al aan Abraham beloof het (Gen 12:3), soos wat die Here deur Sagaria belowe het dat daar mense sal kom uit baie stede, volke en magtige nasies om die Here te soek, en deel te word van hierdie nuwe koninkryk (Sag 8:20-22). Hierdie koninkryk is nie ‘n tipiese wêreldse koninkryk nie – nee, dit is God se koninkryk, en dit strek wêreldwyd, na alle volke, tale, stamme en nasies.

<u>Samevatting</u>

Ek hoop dit is klinkklaar duidelik die Here Jesus is werklik die Een uit die nageslag van die vrou wat die Here al in Gen 3 beloof het. Ek hoop dit is klinkklaar duidelik dat die Here Jesus ook die Nakomeling uit die geslag van Dawid is wat vir ewig op Dawid se troon sal sit. Ek hoop dit is klinkklaar duidelik dat Hy alreeds gekom het, dat Hy alreeds die duiwel oorwin het, dat Hy alreeds op die troon sit. Ek hoop dit is klinkklaar duidelik dat Hy alle mag het – immers is Hy deur die Here self

aangewys as Koning, en het Hy reeds Sy vyand oorwin – daar is niks of niemand wat Hom bedreig nie. Ek hoop dit is klinkklaar duidelik dat dit die moeite werd is om jou vertroue in Hom te stel. Ek hoop dit is klinkklaar duidelik Hy is die enigste Een in wie dit die moeite werd is om jou vertroue te stel – immers is Hy die Opperkoning, immers het Hy alle mag. Hy alleen het die oorwinning behaal, Hy sit saam met die Here op Sy troon. Trouens, Hy is deel van die Drie-Enige God.